education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005

**REKENINGKUNDE**

**HOËR GRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2005**

**Punte: 400**

**3 Ure**

# GROOT DRUK

*Kopiereg voorbehou*

**HIERDIE BLADSY MOET BLANKO GELAAT WORD**

# INSTRUKSIES

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ‘n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.

4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.

5. Kandidate sal punte verbeur vir:

   - Weglating van belangrike datums
   - Gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
   - Oormekaarskryf van syfers
   - Onnodige inskrywings / vreemde items / beginselfoute

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van die finansiële state.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as ‘n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDGIDS |
|---|---|---|---|
| 1 | Begroting | 60 | 27 minute |
| 2 | Bankversoening | 30 | 13 minute |
| 3 | Beslote korporasie | 40 | 18 minute |
| 4 | Maatskappye | 88 | 40 minute |
| 5 | Alleeneienaar – Periodieke vooraadstelsel | 87 | 39 minute |
| 6 | Vennootskap | 53 | 24 minute |
| 7 | Klub | 42 | 19 minute |
| | **TOTAAL** | **400** | **180 minute** |

# VRAAG 1

## KONTANTBEGROTING (60 punte; 27 minute)

U word voorsien van 'n onvoltooide Kontantbegroting en Debiteure-invorderingskedule van DUNDEE BEPERK.

**OPDRAG:**

1.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule deur die ontbrekende getalle in te vul wat deur die asterisk (*) aangedui word. (10)

1.2 Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Maart 2006. (47)

1.3 Indien u die rekenmeester van hierdie besigheid is, watter item in die begroting sal u wil ondersoek? Noem die item en gee 'n rede. (3)

**INLIGTING:**

| **Saldo's op 31 Desember 2005** | R |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | 600 000 |
| teen R2 elk | 8 600 |
| Oortrokke bank | 60 000 |
| Krediteurekontrole | 80 000 |
| Langtermynlening (15% p.j.) | |

*Kopiereg voorbehou* 

## KONTANTBEGROTING VAN DUNDEE BPK VIR DIE KWARTAAL GEËINDIG 31 MAART 2006

| **KONTANTONTVANGSTE** | **JANUARIE** | **FEBRUARIE** | **MAART** |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | 72 000 | | |
| Ontvangste van debiteure | 24 600 | | |
| Huurinkomste | 12 000 | | |
| Rente op lopende bankrekening | -- | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | 108 600 | | |
| | | | |
| **KONTANTBETALINGS** | | | |
| Betaling aan krediteure | 54 000 | | |
| Bedryfsuitgawes | 13 500 | | |
| Rente op lening | 1 000 | | |
| Advertensie | 1 920 | | |
| Salarisse en lone | 94 300 | | |
| Rente op oortrokke rekening | 129 | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTALE BETALINGS** | 164 849 | | |
| | | | |
| **KONTANTSURPLUS (TEKORT)** | (56 249) | | |
| Banksaldo aan die begin van die maand | (8 600) | | |
| Banksaldo aan die einde van die maand | (64 849) | | |

## ADDISIONELE INLIGTING:

1. Verkope:
   - 75% van die totale verkope is kontantverkope.
   - Werklike en begrote kredietverkope is soos volg:
     ***Werklike:*** November R28 000,
     Desember R30 000
     ***Begrote:*** Januarie R24 000, Februarie R28 000, Maart R24 000

2. Daar word verwag dat debiteure soos volg sal betaal:
   - 50% in die transaksiemaand, onderhewig aan 5% korting
   - 30% in die maand na die transaksiemaand
   - 15% in die tweede maand na die transaksiemaand
   - 5% sal as oninbare skulde afgeskryf word na die derde maand.

3. Huurinkomste sal verhoog word met 10% op 1 Februarie 2006.

4. Bedryfsuitgawes word verwag om van maand tot maand met R500 te verhoog.

5. ‘n Addisionele lening van R70 000 sal op 1 Maart 2006 aangegaan word teen die bestaande rentekoers. Rente op die lening word maandeliks betaal.

6. 80 000 nuwe aandele gaan uitgereik word teen ‘n premie van 100 sent op 1 Februarie 2006. Die besigheid benodig hierdie fondse vir die aankoop van ‘n afleweringsvoertuig in Mei 2006, wat na verwagting

meer as R200 000 sal kos.

7. Die maatskappy beplan om ‘n interim dividend van 10 sent per aandeel op 28 Februarie 2006 te verklaar. Dit sal gedurende Maart 2006 betaal word.

8. Alle goedere word op krediet gekoop. Krediteure word een maand na die maand van aankope betaal onderhewig aan ‘n 10% korting vir stiptelike betaling. Kredietaankope is/sal wees:

| Desember | Januarie | Februarie | Maart |
|---|---|---|---|
| R60 000 | R48 000 | R56 000 | R48 000 |

9. Maandelikse advertensiekoste word begroot op 2% van totale verkope vir die betrokke maand.

10. ‘n Algemene verhoging van 3% vir salarisse en lone vind plaas op 1 Maart 2006.

11. ‘n Tweede voorlopige inkomstebelastingsbedrag sal op 28 Februarie 2006 betaal word. Gebruik die volgende besonderhede om die bedrag betaalbaar te bereken:

| |
|---|
| Die beraamde netto wins vir die finansiële jaar is R240 000. |
| Die inkomstebelasting betaalbaar is 32% van die netto wins. |
| Die bedrag vir voorlopige belasting reeds betaal, is R39 000. |

12. Rente op die bankrekening word elke maand betaal of ontvang en word bereken (tot die naaste rand) op die

saldo op die eerste dag van elke maand soos volg:

- 18% per jaar op ongunstige saldo (oortrokke)
- 6% per jaar op gunstige saldo.

**60**

# VRAAG 2

## BANKVERSOENING (30 punte; 13 minute)

U word voorsien van inligting wat betrekking het op Umdoni Winkels. Hulle benodig u hulp met hulle bankversoening vir Oktober 2005.

**OPDRAG:**

Beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING:**

Die volgende inligting het in die Bankversoeningstaat van Umdoni Winkels op30 September 2005 verskyn:

| | |
|---|---|
| Saldo volgens bankstaat | R 5 000 Debiet |
| Saldo volgens bankrekening in die grootboek | R 2 000 Debiet |
| Uitstaande deposito gedateer 30 September 2005 | R20 500 |
| Uitstaande tjeks | |
| Nr. 1077 gedateer 28 April 2005 | R 1 200 |
| Nr. 2854 gedateer 5 Desember 2005 | R 8 000 |
| Nr. 3086 gedateer 30 September 2005 | R 4 300 |

Na vergelyking van die Oktober bankstaat met die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) en Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) vir Oktober, is die volgende verskille opgemerk:

Kopiereg voorbehou

Item 1. ‘n Deposito van R20 500 verskyn in die bankstaat op 1 Oktober 2005, maar nie in die Oktober joernale nie.

Item 2. ‘n Deposito van R11 300 verskyn in die KOJ op 31 Oktober 2005, maar nie in die bankstaat nie.

Item 3. Huurinkomste van R3 600 van T. Nene verskyn op die bankstaat, maar nie in die joernale nie.

Item 4. Bankkoste van R450 verskyn in die bankstaat, maar nie in die joernale nie.

Item 5. Die bankstaat reflekteer ‘n geweierde tjek vir R520. Hierdie tjek is oorspronklik aangeteken in die KOJ op 25 September. Die trekker was J. Jenson.

Item 6. Tjek nr. 1077 is verouderd en moet gekanselleer word. Die tjek is oorspronklik uitgereik as ‘n donasie aan die Hoofweg Kleuterskool wat toegemaak het.

Item 7. Tjek nr. 3086 vir R4 300, gedateer 30 September 2005, verskyn in die bankstaat, maar nie in die Oktober joernale nie.

Item 8. Twee tjeks verskyn in die KBJ, maar nie op die bankstaat nie:

- Tjek nr. 3215 vir R6 200 gedateer 29 Oktober 2005
- Tjek nr. 3217 vir R8 400 gedateer 31 Desember 2005.

Item 9. Die bankstaat toon ‘n gunstige saldo van R1 100 op 31 Oktober 2005.

## BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

2.1 Bepaal die TWEE items wat in Oktober se KOJ ingeskryf sal word. (4)

2.2 Bepaal die TWEE items wat in Oktober se KBJ ingeskryf sal word. (4)

2.3 Stel die bankversoeningstaat op 31 Oktober 2005 op. (16)

2.4 Verduidelik hoe u tjek nr. 3217 sal hanteer wanneer die finansiële state voorberei word (sien item 8). (3)

2.5 Verduidelik kortliks hoekom dit so belangrik is om elke maand 'n bankversoeningstaat voor te berei. Noem TWEE hoofredes. (3)

**30**

# VRAAG 3

## BESLOTE KORPORASIES (40 punte; 18 minute)

### 3.1 UMTATA BK

U word voorsien van inligting wat betrekking het op UMTATA BK. Die BK behoort aan lede K. Khoza, L. Lucas en V. Vonk. Elk van hierdie lede het ‘n bedrag van R45 000 tot die beslote korporasie bygedra.

**OPDRAG:**

3.1.1 Stel die volgende grootboekrekenings vir die jaar geëindig 30 Junie 2005, op. Saldeer/sluit die rekeninge af op 30 Junie 2005.

- Ledebydraes (11)
- SAID /Suid-Afrikaanse Inkomstediens (Inkomstebelasting) (11)

3.1.2 Stel die nota vir Behoue inkomste tot die Balansstaat op. (10)

**INLIGTING:**

Die volgende saldo's verskyn op 1 Julie 2004 in die grootboek.

| | |
|---|---|
| Ledebydraes | R135 000 |
| Behoue inkomste | 22 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | (Kt) 9 000 |
| Verdeling betaalbaar aan lede | 14 000 |
| Lening aan lid: K. Khoza (12% p.j.) | 36 000 |

Die volgende transaksies het gedurende die jaar plaasgevind:

**2004**

Julie 14 Tjeks is uitgereik aan die lede van die BK en die Ontvanger van Inkomste (SAID) ter betaling van die bedrae aan hulle verskuldig.

Sept 25 Ontvang 'n bedrag van R7 080 van K. Khoza. Hierdie bedrag was die gedeeltelike terugbetaling van die lening en drie maande se rente op die lening.

Sept 30 K. Khoza het bedank uit die beslote korporasie. Die bedrag deur hom verskuldig, op sy lening, moet teen sy ledebydrae verhaal word.

Oct 1 'n Tjek is aan K. Khoza uitgereik om die oorblywende saldo van sy ledebydrae terug te betaal.

Des 22 'n Tjek van R34 000 is gestuur aan SAID vir die eerste voorlopige belastingbetaling.

Des 31 ‘n Bedrag van R16 000 is aan die lede betaal as ‘n interimverdeling.

**2005**

Feb 15 Die BK het die private voertuig ter waarde van R33 000 van lid L. Lucas oorgeneem. L. Lucas het versoek dat dit as sy addisionele ledebydrae beskou word.

Jun 30 ‘n Tweede voorlopige belastingbetaling van R38 000 is aan die SAID gemaak.

**ADDISIONELE INLIGTING OP 30 JUNIE 2005:**

- Inkomstebelasting vir die jaar is bereken op R78 000 wat 30% van die netto wins is.
- Die lede het besluit om ‘n verdere R24 000 van die netto wins te verdeel.

## 3.2 SUNDOWNS BK

A. Andre en B. Bayoli is lede van Sundowns BK. Elke lid het R90 000 bygedra toe hulle die besigheid op 1 Maart 2003 begin het.

Die volgende inligting is ‘n uittreksel aan die einde van die laaste twee finansiële jare:

| | 28 Februarie 2005 | 29 Februarie 2004 |
|---|---|---|
| Netto wins na belasting vir die jaar | R 182 000 | R 130 000 |
| Verdelings betaal aan elke lid | 53 000 | 20 000 |
| Ledebelang | 346 000 | 270 000 |
| Ledebydraes | 180 000 | 180 000 |
| Behoue inkomste | 166 000 | 90 000 |

Die lede, A. Andre en B. Bayoli, is baie besig. Hulle werk elkeen 12 uur per dag vir 5 dae 'n week. Hulle kan nie die werkslading volhou nie en wil die aantal ure wat hulle by die werk spandeer, verminder, daarom wil hulle 'n derde lid tot die beslote korporasie toelaat.

**OPDRAG:**

Beantwoord die volgende vrae:

3.2.1 Noem TWEE moontlike eienskappe/punte wat u van die nuwe lid verlang voordat hy tot die beslote korporasie toegelaat word. (4)

3.2.2 Hoeveel behoort die nuwe lid volgens u mening te betaal om by die beslote korporasie aan te sluit? Verduidelik kortliks hoe u die bedrag bereken het. (4)

**40**

# VRAAG 4

**MAATSKAPPYE** **(88 punte; 40 minute)**

## 4.1 MOKOENA BEPERK

U word voorsien van inligting van Mokoena Beperk.
Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2005.

**OPDRAG:**

Balansstaat op 30 Junie 2005

**LET WEL:**

- Notas tot die Balansstaat word **NIE** verlang **NIE**.
- Toon alle berekeninge tussen hakies. (47)

*Kopiereg voorbehou* 

## INLIGTING:

## Lys van saldo's geneem uit die Grootboek op 30 Junie 2005:

| | | |
|---|---:|---|
| Gewone aandelekapitaal (pari-waarde R3,00) | R300 000 | |
| Aandelepremie | 60 000 | |
| Behoue inkomste (1 Julie 2004) | 102 000 | |
| Debiteurekontrole | 38 000 | |
| Krediteurekontrole | 76 500 | |
| Verbandlening: BPS Bank | 410 000 | |
| Vaste deposito: Investco | ? | |
| Opgelope inkomste/ontvangbaar | 4 000 | |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 2 000 | |
| Grond en geboue | 782 000 | |
| Toerusting | 200 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 182 000 | |
| Bank | 16 000 | Dt |
| Handelsvoorraad | 94 000 | |
| Verbruiksgoedere voorhande (30 Junie 2005) | 2 200 | |
| SAID (Inkomstebelasting) | 29 000 | Dt |

## ADDISIONELE INLIGTING:

1. Alle jaareind-aansuiwerings is gedoen, behalwe vir die volgende:

   1.1 Waardevermindering op toerusting is bereken teen 20% p.j. op kosprys. **LET WEL:** Die toerusting is baie oud en nader hul vervangingsdatum.

   1.2 Volgens die verbandleningsooreenkoms betaal Mokoena Bpk R1 800 per maand, bo en behalwe die rente. Alle betalings tot op 30 Junie 2005 is gemaak.

   1.3 R8 000 van die vaste deposito verval op 31 Augustus 2005.

2. Nadat bogenoemde inligting in berekening gebring is, is die netto wins voor belasting vir die jaar korrek bereken op R78 001.

3. Die inkomstebelasting vir die jaar word op R23 500 bereken. Dit is nog nie geboekstaaf nie. Die voorlopige inkomstebelastingbetalings van R16 000 en R13 000 is gemaak en geboekstaaf.

4. 'n Finale dividend van R30 000 is verklaar. Daar was geen interim dividende nie.

## 4.2 SHUTTLEWORTH BEPERK

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Shuttleworth Bpk.

**OPDRAG:**

4.2.1 Stel die volgende afdelings tot die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2005, op ten opsigte van:

- Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite (5)
- Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite (8)

4.2.2 Die kontantvloeistaat reflekteer kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite van R185 600 (gunstig).
Vergelyk hierdie bedrag met dit wat in VRAAG 4.2.1 hierbo bereken is.

- Is dit volgens u mening bevredigend? (1)
- Gee 'n goeie rede vir u standpunt. (3)

4.2.3 Netto batewaarde:

- Bereken die netto batewaarde per aandeel (NBA) vir 2005. (4)
- Lewer kommentaar oor die netto batewaarde (NBA) vir 2005. Let op dat die markwaarde van die aandeleprys op die Effektebeurs 640 sent is. (4)

4.2.4 Opbrengs:

- Bereken die verdienste per aandeel (VPA) vir 2005. (4)

- Lewer kommentaar oor die verdienste per aandeel (VPA) vir 2005. (4)
- Lewer kommentaar oor die dividende per aandeel (DPA) vir 2005. (4)
- Lewer kommentaar oor die persentasie opbrengs op die gewone aandeelhouersbelang (OGAB) vir 2005. (4)

**LET WEL:**

In u kommentaar benoem die finansiële aanwysers vir hierdie jaar, asook die vergelykende syfers vir die vorige jaar. (Sien addisionele inligting, punt 4.)

## INLIGTING:

## Uittreksels uit die Balansstate vir die afgelope twee jaar:

| | 30 Junie 2005 | 30 Junie 2004 |
|---|---|---|
| Vaste bates | R658 000 | R456 000 |
| Bedryfsbates | 261 800 | 341 600 |
| Inventaris | 133 000 | 161 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | 109 200 | 158 200 |
| Kontant- en kontantekwivalente | 19 600 | 22 400 |
| Aandeelhouersbelang | 615 000 | 440 000 |
| Gewone aandelekapitaal (R2 pari-waarde) | 210 000 | 160 000 |
| Aandelepremie | 20 000 | 0 |
| Behoue inkomste | 385 000 | 280 000 |
| Verbandlening (20% p.j.) | 140 000 | 182 000 |
| Bedryfslaste | 164 800 | 175 600 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 164 800 | 175 600 |

## Uittreksel van die Inkomstestaat vir die afgelope twee jaar:

| | 30 Junie 2005 | 30 Junie 2004 |
|---|---|---|
| Waardevermindering | 14 400 | 10 200 |
| Rente op lening | 32 200 | 36 400 |
| Netto wins na belasting | 136 500 | 59 200 |

## ADDISIONELE INLIGTING:

1. Addisionele aandele is uitgereik op 1 Julie 2004.

2. Op 31 Januarie 2005 is nuwe toerusting aangekoop om sommige van die ou toerusting te vervang wat op dieselfde dag verkoop is. Die ou toerusting is verkoop teen 'n boekwaarde van R18 600.

3. Hierdie maatskappy het geen beleggings nie.

4. Die volgende finansiële aanwysers word aan u gegee:

| | **2005** | **2004** |
|---|---|---|
| Verdienste per aandeel (VPA) | ? | 74 sent |
| Dividend per aandeel (DPA) | 30 sent | 21 sent |
| Netto batewaarde per aandeel (NBA) | ? | 550 sent |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang (OGAB) | 25,9% | 11,2% |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OTKA) | 37,7% | 16,9 % |

**88**

# VRAAG 5

## ALLEENEIENAAR (87 punte; 39 minute)

U word voorsien van die Vooraansuiweringsproefbalans van ZONDI HANDELAARS op 28 Februarie 2005, ‘n alleeneienaar, tesame met ‘n lys van aansuiwerings. Die besigheid maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel.

## OPDRAG:

Van u word verwag om die volgende te doen:

5.1 Stel die Handelsrekening vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005 op. (26)

5.2 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005 op. (49)

5.3 Bereken die persentasie winsopslag op kosprys behaal deur die besigheid. (4)

5.4 Die besigheid streef daarna om ‘n winsopslag van 66% op kosprys te behaal. Noem TWEE moontlike redes hoekom Zondi Handelaars nie die beoogde winsopslag behaal het nie. (4)

5.5 Volgens nuwe wetgewing moet die onderneming sy kliënte vir plastiese sakke laat betaal. Verduidelik kortliks hoe u dit in die finansiële state sal benader. Gee 'n rede vir u antwoord. (4)

**INLIGTING:**

**UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2005**

| BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING | DEBIETE | KREDIETE |
|---|---|---|
| Kapitaal | | 380 410 |
| Grond en geboue | 370 490 | |
| Lening van BB Bank (14% p.j.) | | 120 000 |
| Toerusting | 150 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 60 000 |
| Motorvoertuie | 205 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op motorvoertuie | | 35 000 |
| Handelsvoorraad (aanvangsaldo op 1 Maart 2004) | 73 000 | |
| Debiteurekontrole | 88 000 | |
| Krediteurekontrole | | 177 000 |
| | | |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| **NOMINALEREKENINGE-AFDELING** | | |
| Verkope | | 727 000 |
| Debiteureafslag (en terugsendings) | 60 400 | |
| Aankope | 383 300 | |
| Vrag op aankope | 7 700 | |
| Vrag op verkope | 14 940 | |
| Doeaneregte op goedere aangekoop | 13 800 | |
| Eiendomsbelasting | 11 850 | |
| Kommissie-inkomste | | 29 800 |
| Versekering | 15 800 | |
| Rente op lening | 10 880 | |
| Verpakkingsmateriaal | 17 900 | |
| Korting toegestaan | 1 740 | |
| Huurinkomste | | 20 800 |
| Salarisse en lone (sluit pensioen en WVF-bydraes in) | 123 700 | |
| Bankkoste | 2 100 | |
| Rente-inkomste op lopende rekening | | 590 |
| | **1 550 600** | **1 550 600** |

## AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

1. ‘n Nuwe motorvoertuig, kosprys R140 000, is aangekoop vir kontant op 1 September 2004. Hierdie transaksie is behoorlik geboekstaaf. Waardevermindering op alle voertuie word teen 10% p.j. volgens die verminderende-saldo-metode bereken.

2. Toerusting, kosprys R3 000, is verkoop op krediet vir R1 000 op 28 Februarie 2005. Waardevermindering op toerusting vind plaas teen 20% p.j. op kosprys. Nie een van hierdie transaksies is geboekstaaf nie. Let daarop dat al die toerusting oorspronklik aangekoop is op 1 Maart 2002.

3. Voorraad wat nie geskik is nie, met ‘n kosprys van R1 500, is aan die verskaffer op 25 Februarie 2005 teruggestuur. Geen inskrywing van hierdie transaksie is gemaak nie.

4. Handelsvoorraad, kosprys R32 500, is op krediet van oorsee aangekoop op 26 Februarie 2005. Die volgende is per tjek betaal:
   - Vraggeld op aankope R2 600
   - Doeaneregte R4 800

   Geen inskrywings is van enige van hierdie transaksies gemaak nie.

5. Handelsvoorraad is op krediet aan Gareth Handelaars op 27 Februarie 2005 verkoop. Die oorspronklike gemerkte verkoopprys van hierdie goedere was R8 000, maar 'n 20% handelskorting is aan hom toegestaan. Die verkoop van hierdie goedere is nog nie geboekstaaf nie.

6. Voorraadopname op 28 Februarie 2005 het die volgende voorhande aangetoon:
   - Handelsvoorraad, R78 000
   - Verpakkingsmateriaal, R4 800

   Die boekhouer was onseker hoe om beide die aanvangsvoorraad en slotvoorraad te hanteer.

7. 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal weggelaat. Haar netto salaris is R5 750. Besonderhede van haar aftrekkings is soos volg:

| **TOTALE AFTREKKINGS** | **AFTREKKINGS** | | |
|---|---|---|---|
| | **LBS** | **Pensioen** | **WVF** |
| R3 750 | R2 850 | R800 | R100 |

   Zondi Handelaars dra tot 'n Rand-vir-Rand basis tot die pensioenfonds en WVF by.

8. Die lening is terugbetaalbaar in jaarlikse paaiemente van R24 000 op 31 Mei elke jaar. Die inskrywing vir die terugbetaling is gemaak. Maak voorsiening vir die uitstaande rente op die lening.

9. Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R3 600 vir die tydperk 1 Julie 2004 tot 30 Junie 2005 in.

10. 'n Gedeelte van die gebou is vanaf 1 Mei 2004 verhuur. Die maandelikse huur is verhoog met R200 met ingang 1 November 2004. Die huur vir Maart 2005 is ingesluit by die bedrag van R20 800. Suiwer die huurinkomste dienooreenkomstig aan.

11. Februarie se bankstaat, ontvang van Umqhele Bank op 28 Februarie 2005, toon die volgende inskrywings aan wat nog nie geboekstaaf is nie:
    - Bankkoste, R190
    - 'n Debiteur se tjek vir R2 000 is deur die bank geweier. (Hierdie tjek is ontvang van J. Jennifer ter vereffening van haar skuld van R2 270 en is op 24 Februarie 2005 gedeponeer.)
    - Rente-inkomste op lopende rekening, R30.

**87**

# VRAAG 6

**VENNOOTSKAP** **(53 punte; 24 minute)**

S. Sam en J. Jen is vennote in 'n vennootskaps-onderneming wat handeldryf as Samjen Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2005.

**OPDRAG:**

6.1 Verdelingsrekening van Samjen Handelaars op 28 Februarie 2005. (17)

6.2 Privaatrekening van J. Jen, gesaldeer op 28 Februarie 2005. (14)

6.3 Bereken die skuld-eienaarsbelangverhouding op 28 Februarie 2005. (5)

6.4 Die vennote oorweeg dit om 'n addisionele lening van R180 000 teen dieselfde rentekoers aan te gaan om uitbreidings te finansier. Dink u dit is verstandig om 'n addisionele lening uit te neem? Benoem die bedrae van TWEE verhoudings of finansiële aanwysers vir 2005 om u antwoord te staaf. (6)

6.5 Bereken die vuurproefverhouding vir 2005. (5)

6.6 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van Samjen Handelaars soos aangedui deur die vuurproefverhouding en omsetsnelheid van voorraad (noem die werklike syfers in u kommentaar). (6)

Kopiereg voorbehou 

## INLIGTING:

1. Die volgende saldo's is geneem uit die rekeningkundige rekords:

| | 28 Feb 2005 | 29 Feb 2004 |
|---|---|---|
| Eienaarsbelang | R1 246 625 | R1 100 000 |
| Kapitaal: S. Sam<br>Kapitaal: J. Jen | R600 000<br>R600 000 | R500 000<br>R750 000 |
| Privaatrekening: S. Sam | R328 750 (Kt) | R80 000 (Kt) |
| Privaatrekening: J. Jen | R282 125 (Dt) | R220 000 (Dt) |
| Verbandlening (20% p.j.) | R240 000 | R300 000 |
| Bedryfsbates (sluit Voorraad in) | R65 000 | R70 000 |
| Bedryfslaste | R47 000 | R42 000 |
| Inventarisse (Handelsvoorraad) | R28 000 | R24 000 |

Kopiereg voorbehou

2. Addisionele inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005:
   - Netto wins vir die jaar is R490 625
   - Jaarlikse salaris vir S. Sam is R135 000 – dit is 50% meer as die van J. Jen.
   - Rente op kapitaal: S. Sam R78 750 en J. Jen R106 875
   - Onttrekkings vir die jaar: S. Sam R135 000 en J. Jen - ?
   - Vennote verdeel die oorblywende wins gelykop.

3 Die volgende finansiële aanwysers word aan u gegee:
.

| | **28 Februarie 2005** | **29 Februarie 2004** |
|---|---|---|
| Omsetsnelheid van voorraad | 6 keer | 8 keer |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 32,4% | 38,9% |
| Skuld-eienaarsbelangverhouding | ? | 0,3 : 1 |
| Vuurproefverhouding | ? | 1,1 : 1 |

**53**

# VRAAG 7

## SPORTKLUB (42 punte; 19 minute)

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Ermelo Swemklub op 31 Desember 2004. Daar word van elke lid verwag om jaarliks hul ledegeld van R1 000 te betaal.

‘n Nuwe klub het in Middelburg (wat 90 minute se ry van Ermelo af is) begin. ‘n Weldoener het R1 miljoen aan hulle geskenk vir moderne fasiliteite. Die Ermelo Swemklub het lede aan die Middelburg Klub afgestaan.

**OPDRAG:**

7.1 Stel die Ledegeldrekening op. (24)

7.2 Sal die komitee tevrede wees met die invordering van gelde van die lede? Gee TWEE redes vir u antwoord. (7)

7.3 ‘n Groep lede het ‘n formele klag gelê dat die ledegeld van R1 000 per jaar te hoog is. Hierdie ontevrede groep het ook gesê: “Die klub is veronderstel om ‘n nie-winsgewende organisasie te wees, maar dit is ooglopend nie die geval nie.”

- Stem u saam met die lede se klagtes en bekommernis? Verduidelik kortliks. (3)
- Indien u die voorsitter van die klub is, hoe sal u die klagtes van die groep lede hanteer? Noem TWEE maniere. (4)

- Noem TWEE hoofpunte wat die voorsitter aan die komiteelede moet noem in reaksie op hierdie klagte. (4)

Kopiereg voorbehou

**INLIGTING:**

**Die volgende saldo's verskyn op 31 Desember 2003:**

| | |
|---|---|
| Opgehoopte fonds | R 250 000 |
| Belegging (vaste deposito by Ermelo Bank) | 210 000 |
| Swembad (gebou in 1980) | 150 000 |
| Klubhuis (gebou in 1980) | 10 000 |
| Opgelope inkomste/ontvangbaar (ledegeld) | 13 000 |
| Vooruitontvange inkomste /uitgestelde (ledegeld) | 7 000 |

**Uittreksel uit die staat van ontvangste en betalings:**

| | | |
|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | | |
| Ledegeld ontvang: | | R 103 000 |
| • 2003 | R 4 000 | |
| • 2004 | 91 000 | |
| • 2005 | 8 000 | |
| | | |
| **BETALINGS** | | |
| Ledegeld terugbetaal | | R 2 000 |
| Onderhoudskoste van swembad | | 60 000 |
| Herstelwerk aan klubhuis | | 20 000 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

**Ledegeld:**

Kopiereg voorbehou lief

- Op 31 Desember 2003 was daar 110 lede by die klub geregistreer.
- Gedurende 2004 het nog 14 lede by die klub aangesluit.
- Sekere lede wat hulle ledegeld in 2003 vooruitbetaal het, is oorsee. Hulle volle ledegeld is terugbetaal en hulle lidmaatskap is beëindig.
- Die lede wat nog nie hulle ledegeld vir 2003 betaal het nie, is geskors uit die klub en hulle lidmaatskap is opgehef met ingang 1 Januarie 2004.
- Sommige lede het nog nie hulle ledegeld vir 2004 betaal nie.

**Surplus vir die jaar geëindig 31 Desember 2004:**

Die Inkomste- en Uitgawestaat reflekteer 'n surplus van R86 000 nadat al die aansuiwerings in berekening gebring is.

**42**

**TOTAAL: 400**

---oooOooo---

CENTRE NUMBER/**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

CANDIDATE'S EXAMINATION NUMBER/**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | |

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

OCTOBER/NOVEMBER 2005
**OKTOBER/NOVEMBER 2005**

DEPARTMENT OF EDUCATION
**DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

ACCOUNTING HIGHER GRADE
**REKENINGKUNDE HOËR GRAAD**

SPECIAL ANSWER BOOK/***SPESIALE ANTWOORDEBOEK***

This answer book consists of 19 pages.
**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 19 bladsye.**

| QUESTION<br>**VRAAG** | MARKS<br>**PUNTE** | INITIAL<br>**PARAFEER** | MOD.<br>**MOD.** |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| 7. | | | |
| TOTAL<br>**TOTAAL** | | | |

*Copyright reserved/Kopierig voorbehou*

## QUESTION 1/VRAAG 1

**1.1 DEBTORS COLLECTION SCHEDULE/ DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE**

| Credit Sales per month/ Kredietverkope per maand | | 2006 January/ Januarie | 2006 February/ Februarie | 2006 March/ Maart |
|---|---|---|---|---|
| November | R28 000 | 4 200 | | |
| December/ Desember | 30 000 | 9 000 | 4 500 | |
| January/ Januarie | 24 000 | 11 400 | 7 200 | 3 600 |
| February/ Februarie | 28 000 | | * | * |
| March/ Maart | 24 000 | | | * |
| | | 24 600 | * | * |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 10 |

**1.2 CASH BUDGET – SEE NEXT PAGE/KONTANTBEGROTING – SIEN VOLGENDE BLADSY**

**1.3 ITEM IN THE BUDGET FOR INVESTIGATION (AND REASON)/ ITEMS IN DIE BEGROTING WAT ONDERSOEK MOET WORD (EN REDE)**

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 3 |

Copyright reserved/Kopierig voorbehou 

**1.2 DUNDEE LIMITED/DUNDEE BEPERK**
**CASH BUDGET FOR THE QUARTER ENDING 31 MARCH 2006/**
**KONTANTBEGROTING VIR DIE KWARTAAL GEËINDIG 31 MAART 2006**

| **CASH RECEIPTS/ KONTANTONTVANGSTE** | **JANUARY/ JANUARIE** | **FEBUARY/ FEBRUARIE** | **MARCH/ MAART** |
|---|---|---|---|
| Cash sales/Kontantverkope | **72 000** | | |
| Receipts from debtors/ Ontvangste van debiteure | **24 600** | | |
| Rent income/Huurinkomste | **12 000** | | |
| Interest on current bank account/ Rente op lopende bankrekening | **--** | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTAL RECEIPTS/ TOTALE ONTVANGSTE** | **108 600** | | |
| **CASH PAYMENTS/ KONTANTBETALINGS** | | | |
| Payments to creditors/ Betalings aan krediteure | **54 000** | | |
| Operating expenses/Bedryfsuitgawes | **13 500** | | |
| Interest on loan/Rente op lening | **1 000** | | |
| Advertising/Advertensie | **1 920** | | |
| Salaries and wages/Salarisse en lone | **94 300** | | |
| Interest on overdraft/ Rente op oortrokke rekening | **129** | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTAL PAYMENTS/TOTALE BETALINGS** | **164 849** | | |
| **CASH SURPLUS (DEFICIT)/ KONTANTSURPLUS (TEKORT)** | **(56 249)** | | |
| **Bank balance at beginning of month/ Banksaldo aan die begin van die maand** | **(8 600)** | | |
| **Bank balance at end of month/ Banksaldo aan die einde van die maand** | **(64 849)** | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **47** |

| **TOTAL MARKS/ TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **60** |

## QUESTION 2/VRAAG 2

**2.1 TWO item/s you would enter in the October CRJ.**
**TWEE item/s wat u in Oktober se KOJ sal inskryf.**

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **4** |

**2.2 TWO item/s you would enter in the October CPJ./**
**TWEE item/s wat u in Oktober se KBJ sal inskryf.**

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **4** |

**2.3 Umdoni Stores/Umdoni Winkels**
**Bank Reconciliation Statement on 31 October 2005/**
**Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2005**

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **16** |

| | |
|---|---|
| **2.4** | **Explain how you would treat cheque no. 3217 when preparing the financial statements./ Verduidelik hoe u tjek nr. 3217 sal hanteer wanneer u die finansiële state opstel.** |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **3** |

| | |
|---|---|
| **2.5** | **Briefly explain why it is vitally necessary to prepare a Bank Reconciliation Statement each month. Mention TWO main points./ Verduidelik kortliks hoekom dit so belangrik is om elke maand 'n Bankversoeningstaat op te stel. Gee TWEE hoofredes.** |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **3** |

| **TOTAL MARKS/ TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **30** |

## QUESTION 3/VRAAG 3

**3.1 .1**

| Dr<br>Dt | | | GENERAL LEDGER OF UMTATA CC<br>ALGEMENE GROOTBOEK VAN UMTATA BK | | | | | | Cr<br>Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | MEMBERS CONTRIBUTIONS/LEDEBYDRAES | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 11 |

| | | | SARS / RECEIVER OF REVENUE (INCOME TAX)<br>SAID/ONTVANGER VAN INKOMSTE (INKOMSTEBELASTING) | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 11 |

**3.1.2 NOTE TO THE FINANCIAL STATEMENTS/ NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE**

| **RETAINED INCOME/BEHOUE INKOMSTE** | |
|---|---|
| Balance at the beginning of the year/<br>Saldo aan die begin van die jaar | |
| Net profit (loss) after tax for the year/<br>Netto wins (verlies) na belasting vir die jaar | |
| ? ...................................................... | |
| Balance at the end of the year/<br>Saldo aan die einde van die jaar | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **10** |

**3.2 SUNDOWNS CC/BK**

**3.2.1 TWO characteristics/points concerning the new member:/ TWEE eienskappe/punte rakende die nuwe lid:**

**3.2.2 Amount to be paid by new member, and explanation:/ Bedrag deur nuwe lid betaal, en verduideliking:**

| **TOTAL MARKS<br>TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **8** |

## QUESTION 4/VRAAG 4

### 4.1 BALANCE SHEET OF MOKOENA LIMITED ON 30 JUNE 2005/ BALANSSTAAT VAN MOKOENA BEPERK OP 30 JUNIE 2005

| | | |
|---|---|---|
| **ASSETS/BATES** | | |
| | | |
| **Non-current assets/Niebedryfsbates** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Current assets/Bedryfsbates** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **TOTAL ASSETS/ TOTALE BATES** | | |
| | | |
| **SHAREHOLDERS EQUITY AND LIABILITIES AANDEELHOUERSBELANG EN LASTE** | | |
| | | |
| **Shareholders equity/Aandeelhouersbelang** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Non-current liabilities/Niebedryfslaste** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Current liabilities/Bedryfslaste** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **TOTAL SHAREHOLDERS EQUITY AND LIABILITIES/ TOTALE AANDEELHOUERSBELANG EN LASTE** | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **47** |

**4.2.1 Cash flow from financing activities/
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 5 |

**Cash flow from investing activities/
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 8 |

Copyright reserved/Kopierig voorbehou 

**4.2.2 Are the operating activities satisfactory? Give your reason.**
**Is die bedryfsaktiwiteite bevredigend? Gee u rede.**

| **Opinion:/Mening:** |
|---|
| **Reason:/Rede:** |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| **4** |

**4.2.3 NET ASSET VALUE/NETTO BATEWAARDE**

| **Calculation:/Berekening:** |
|---|
| **Comment:/Kommentaar:** |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| **8** |

Copyright reserved/Kopierig voorbehou 

## 4.2.4 RETURNS/OPBRENGS

| |
|---|
| **Calculation of earnings per share:/**<br>**Berekening van verdienste per aandeel:** |
| **Comment on earnings per share:/**<br>**Kommentaar oor verdienste per aandeel:** |
| **Comment on dividends per share:/**<br>**Kommentaar oor dividende per aandeel:** |
| **Comment on return on shareholders equity:/**<br>**Kommentaar oor opbrengs op aandeelhouersbelang:** |

| *Marks*<br>*Punte* |
|---|
| |
| **16** |

| **TOTAL MARKS**<br>**TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **88** |

Copyright reserved/Kopierig voorbehou

## QUESTION 5/VRAAG 5

**5.1**

| Dr<br>Dt | | LEDGER OF ZONDI TRADERS<br>GROOTBOEK VAN ZONDI HANDELAARS | | | | | | | Cr<br>Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | TRADING ACCOUNT/HANDELSREKENING | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **26** |

**5.2**

| **ZONDI TRADERS/ZONDI HANDELAARS<br>Income Statement for the year ended 28 February 2005<br>Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005** | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| **Gross profit/Bruto wins** | | |
| **Other operating income/Ander bedryfsinkomste** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Operating expenses/Bedryfsuitgawes** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Operating profit/Bedryfswins** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Net profit for the year/Netto wins vir die jaar** | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| **49** |

**5.3 Calculation of mark-up %**
**Berekening van %-winsopslag**

| |
|---|
| |

| |
|---|
| 4 |

**5.4 TWO possible reasons for not achieving mark-up %**
**TWEE moontlike redes waarom die %-winsgrens nie bereik is nie**

| |
|---|
| |

| |
|---|
| 4 |

**5.5 Treatment of plastic bags in financial statements/**
**Hantering van plastiese sakke in finansiële state**

| |
|---|
| |

| TOTAL MARKS/ TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 87 |

| |
|---|
| 4 |

## QUESTION 6/VRAAG 6

## LEDGER OF SAMJEN TRADERS
## GROOTBOEK VAN SAMJEN HANDLELAARS

**6.1**

**APPROPRIATION ACCOUNT/VERDELINGSREKENING**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **17** |

**6.2**

**CURRENT ACCOUNT: J JEN/PRIVAATREKENING: J. JEN**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **14** |

**6.3 Calculation of the debt-equity ratio/**
**Berekening van die skuld-eienaarsbelangverhouding**

*Marks/*
*Punte*

| |
|---|
| |
| **5** |

**6.4 Comment on the additional loan/**
**Kommentaar oor die addisionele lening**

**Opinion:/Mening:**

**Comment on TWO financial indicators:/**
**Kommentaar op TWEE finansiële aanwysers:**

*Marks/*
*Punte*

| |
|---|
| |
| **6** |

*Copyright reserved/Kopierig voorbehou* 

**6.5 Calculation of the acid test ratio/
Berekening van die vuurproefverhouding**

*Marks/
Punte*

| |
|---|
| |
| **5** |

**6.6 Comment on the liquidity position of the partnership/
Kommentaar oor die likiditeitsposisie van die vennootskap**

*Marks/
Punte*

| |
|---|
| |
| **6** |

| **TOTAL MARKS<br>TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **53** |

## QUESTION 7/VRAAG 7

| Dr | GENERAL LEDGER OF ERMELO SPORTS CLUB | Cr |
|---|---|---|
| Dt | ALGEMENE GROOTBOEK VAN ERMELO SPORTKLUB | Kt |
| 7.1 | MEMBERSHIP FEES ACCOUNT<br>LEDEGELDREKENING | |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 24 |

**7.2 Collection of membership fees/ Invordering van ledegelde**

**Opinion:/Mening:**

**TWO reasons:/TWEE redes:**

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 7 |

**7.3 Complaint by dissatisfied members/Klagtes deur ontevrede lede**

**Opinion and explanation:/**
**Mening en verduideliking:**

**TWO strategies of handling the complaints: /**
**TWEE maniere om die klagte te hanteer:**

**TWO main points to be mentioned by the chairman:/**
**TWEE hoofpunte wat die voorsitter moet noem:**

*Marks/*
*Punte*

| |
|---|
| |
| **11** |

| **TOTAL MARKS TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **42** |

*Copyright reserved/Kopierig voorbehou*